

DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

26/2026 (Skippertjie nr. 76)

14 Augustus 2026



IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN
UITSLAE

1. Interskole
2. Nuwe buitemurse rooster
3. Kleredrag en netheid
4. Bring van items na die skoolkantoor
5. Rugby
6. Hokkie
7. Landloop
8. Eisteddfod
9. Buite aktiwiteite
10. Skoolfonds vir 2026

“Being considered reliable means that you are conscientious and keep your promises. A reliable person does not make excuses.”

Afrikaanse idioom van die week

Koue voete kry

Jou moed begewe jou, jy raak skielik bang en wil onttrek uit ‘n taak of verbintenisse.

2026 SKOOLKWARTALE

3de: 21 Julie – 23 September

4de: 6 Oktober – 9 Desember

UIT DIE KAJUIT

Betroubaarheid (2): Ons is steeds besig met ons waarde van betroubaarheid. Baie keer sal iemand verwys na ‘n ander persoon as onbetroubaar. Maar watter eienskappe het ‘n onbetroubare persoon? Wel ek dink ‘n onbetroubare persoon is iemand waarop jy nie kan staatmaak nie, wat jou sommerk “drop”, soos hulle sê. Verder is dit iemand wat nie vertrou kan word nie – dus iemand wat nie doen wat hulle sê hulle gaan doen nie en altyd verskonings het daarvoor. Ek dink ook ‘n onbetroubare persoon is iemand wat nie altyd die waarheid praat nie en wat dinge verdraai om by hulle te pas. Laastens dink ek ‘n onbetroubare persoon is iemand wat agteraf is en wat nie bereid is om sake in die oop te stel nie. Ons almal ken sulke mense en die probleem met mense wat so optree, is dat hulle ons baie keer teleurstel. Ons maak staat op hulle, maar hulle kom nie hulle woord na nie. So, wanneer ons dan sê dat ons betroubaar is, moet ons die volgende eienskappe wys: eerlikheid, verantwoordelikheid, voorspelbaarheid, lojaliteit, vertroulikheid en stiptelikheid. Dit kom alles neer op respek vir ander se gevoelens en tyd in hoe ons elke dag situasies hanteer. Ons as volwassenes moet hierdie eienskappe by ons kinders inprent deur hoe ons elke dag optree sodat hulle ‘n goeie voorbeeld van betroubaarheid kan sien. Dit sal nie net sorg dat hulle eerbare mense kan wees nie, maar ook vir ander ‘n seën sal wees deurdat die lewens van mense om hulle positief beïnvloed word. Lekker naweek vir almal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE



1. Interskole

Hierdie naweek, 14-15 Augustus, vind ons jaarlikse interskole teen Laerskool Noord-Eind van die Paarl plaas. Leerders neem Vrydag deel aan redenaars, skaak, tennis, netbal en rugby. Die wedstryde vind by ons skool plaas. Saterdag se hokkiewedstryde vind by Curro se astrobaan plaas. Alle ouers word uitgenooi om ons spanne te kom ondersteun.

2. Nuwe buitemurse rooster

Die rugby- en netbalseisoen is nou afgehandel. Die fokus verskuif nou na hokkie en krieket. Let asb. daarop dat ‘n nuwe buitemurse rooster reeds op die D6-platform uitgestuur is. Maak asb. seker dat u uself vergewis van die nuwe oefentye.

3. Kleredrag en netheid

‘n Beroep word op ouers gedoen dat u asb. sal toesien dat leerders elke dag korrek geklee en skoon en netjies skool toe sal kom. Ook dat leerders se hare en ander bykomstighede volgens die skoolreëls sal wees. So help ons om self- en skooltrots by ons kinders te skep. Baie dankie vir u samewerking.

100% Parkie

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai

Posbus 96, Mosselbaai, 6500

Tel: 044 691 1020/1

Epos: navrae@lspark.co.za

www.laerskoolpark.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 17 Aug: Eisteddfod die week

Geen buitemuurs

Di, 18 Aug: 0.7-0.13 Hokkie v Milkwood

Wo, 19 Aug: Geen buitemuurs

Do, 20 Aug: 0.13A Hokkie v Knysna

Vr, 21 Aug: 0.9-0.11 Hokkie (Outeniqua)

Sa 22 Aug: WNW-Snelpees



ADVERTEER IN DIE SKIPPERTJIE



Besighede het nou die wonderlike geleentheid om in ons weeklikse nuusbrieff te adverteer. Hierdie nuusbrieff word elke Vrydagoggend via die d6-kommunikasieselsel aan al Laerskool Park se ouers gestuur.

- Koste: R100 per advertensie per week
- Formaat: JPEG (A4-grootte of kleiner)

Neem gerus 'n kykie op ons webblad vir vorige uitgawes van Die Skippertjie en sien hoe jou advertensie kan lyk!

Kontak Juf. Karen vir verdere inligting rakende plasing van advertensies en betaling.



WhatsApp
072 463 4985



E-pos
kbezuidenhout@lspark.co.za

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park

Bank: Standard Bank

Rekeningnommer: 060822643

Tipe rekening: Business Current Account

Takkode: 051001 (George)

Verwysing: Familiekode

4. Bring van items na die skoolkantoor

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om nie enige items na die kantoor te bring of stuur vir leerders nie. Dit sal onder geen omstandighede toegelaat word nie. Leerders moet asb. seker maak dat hulle alles wat nodig is vir die dag, bv. kos, klere, boeke, ensovoorts inpak en saambring. So leer ons ons kinders om betroubaar te wees. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

5. Rugby

Baie geluk aan die volgende seuns wat na afloop van die proewe in die 0.12 SWD-spanne ingesluit is:

- 0.12A: Miller Potgieter
- 0.12B: Anru Augustyn
- 0.12C: Israel Wildskut en Blake London

Baie geluk en baie sterkte met die wedstryde wat voorlê.



7. Hokkie

Tydens die Arrie Nel toernooi te Laerskool Sedgefield het ons spanne baie goed gevaar. Die uitslae was as volg:

- 0.7 B-dogters – wenners van hul afdeling
- 0.8 A-seuns – wenners van hul afdeling
- 0.7 B-seuns – dring deur na die finaal
- 0.8 B-seuns – dring deur na die finaal
- 0.9 A-seuns – dring deur na die finaal
- 0.9 A-dogters – dring deur na die semi-finaal



Uitslae van die wedstryde teen Laerskool Hartenbos was as volg:

Hokkie – dogters: 0.7A 1-4; 0.7B 2-0; 0.8A 0-6; 0.8B 0-10; 0.8C 0-8; 0.9A 0-0; 0.9B 0-2; 0.10A 1-0; 0.10B 1-2; 0.11A 1-1; 0.11B 0-3; 0.13A 1-0; 0.13B 0-2; 0.13C 2-0.

Hokkie – seuns: 0.7A 0-5; 0.7B 3-1; 0.8A 1-0; 0.8B 2-2; 0.9A 1-1; 0.9B 2-3; 0.9C 1-1; 0.10A 0-2; 0.10B 0-3; 0.11A 0-7; 0.13A 0-2; 0.13B 1-0; 0.13C 1-4.

7. Landleop

Baie geluk aan die volgende leerders wat in provinsiale- en streekspanne ingesluit is:

- Liandi van Zyl – ASWD
- Lenelle Lotz – ASWD
- JC le Clus – Eden

Baie sterkte met die verdere deelname.



8. Eisteddfod

Die Mosselbaai Eisteddfod is tans aan die gang en verskeie van ons leerders neem deel in afdelings soos visuele kuns, fotografie, musiek, drama, ens. Ons versoek dat alle uitslae na me. Carina Fourie by die skoolkantoor gestuur sal word per hand of e-pos by navrae@lspark.co.za, sodat ons erkenning aan die leerders kan gee.

9. Buite aktiwiteite

Dans: Die volgende leerders het aan die TDA MOVE Regionals deelgeneem. Luja Heyns, Miané van Rensburg en Jeanine Nieuwoudt neem deel in die afdeling Large Groups & Crews en verwerf goud. Lieke Venter verower silwer vir Modern Solo en 'n eerste plek vir Acro solo. Hierdie dansers kwalifiseer vir die nasionale byeenkoms.

10. Skoolfonds vir 2026

Maak asb. seker dat alle skoolfonds betaal is. Skoolfonds vir 2026 is as volg:

- Graad 1 – 7: R14 400 per jaar
- Graad R: R14 800 per jaar
- Graad RR: R16 000 per jaar
- Graad RRR: R19 500 per jaar

NB: Gebruik asb. die skool se nuwe bankbesonderhede (sien die blokkie langsaan)





**BEPERKTE
PLEKKE**

Pre-Primêr INSKRYWINGS

GR.RRR

**NOU OOP
4 tot 25 Augustus**

KONTAK DIE SKOOLKANTOOR

 044-691 1020

 navrae@lspark.co.za

 www.laerskoolpark.co.za

 49 Kaapweg, Mosselbaai, 6505



LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

VANAF JANUARIE 2026

R 900 per maand
13:00 - 17:30

REGISTREER NOU



Navrae: 044 691 1020



Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar



Randa Sport 083 390 8000

 Randa Cycle and Run
Mossel Bay

Jou Hokkie Vennoot!

- *Hokkie stokke
- *Gloves
- *Grips
- *Shinguards
- *Balls
- *Keyrings
- *Bags



**15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!**



 Marsh Straat 43
(langs OK Minimark)

BROOKS



Die Skipper

Laerskool Park se jaarblad



vier sy

40

ste

Verjaarsdag!

Moenie hierdie
spesiale uitgawe
misloop nie! ❤️



R130
= ELK =



Bestel teen
10 Oktober
op d6.



**VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI**

RY 'N VOLKSWAGEN.
Belé in 'n toekoms.

KOOP 'N NUWE VOLKSWAGEN. ONS BETAAL 'N

PARK LAERSKOO LEERDER SE SKOOLFONDS.

*Ondersteun 'n Parkie.
Bou 'n helderder môre.*

Vir elke nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo of Golf 8.5 wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word tussen nou en **31 DESEMBER 2026**, sal Volkswagen Mosselbaai die skoolfonds betaal van 'n genomineerde leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is vir die volgende skooljaar.*

Of dit nou jou eie kind, kleinkind, familielid of 'n ander Parkie-leerder is wat jy wil ondersteun, jou nuwe Volkswagen aankoop kan 'n werklike verskil maak.



**PARK
LAERSKOO
MOSSELBAAI**

*Leer vandag.
Lei môre.*



MODELLE WAT IN AANMERKING KOM



POLO VIVO



POLO



T-CROSS



TAIGO



GOLF 8.5

HOE DIT WERK

- 1 Koop 'n kwalifiserende nuwe Volkswagen by Volkswagen Mosselbaai voor 31 Desember 2026.
- 2 Gebruik jou amptelike Parkie Skoolfonds Kode.
- 3 Nominer 'n leerder wat tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf is.
- 4 Dien die vereiste leerder- en skoolinligting in.
- 5 Volkswagen Mosselbaai betaal die genomineerde leerder se skoolfonds direk aan Park Laerskool in Januarie 2027.
- 6 Ons help bou aan 'n beter toekoms vir ons Parkie-leerders.

VEREISTE INLIGTING

- Leerder se volle naam
- Huidige graad
- Graad vir 2027
- Skool se naam (Park Laerskool Mosselbaai)
- Ouers/voog se toestemming
- Leerder se gesinskode
- Skool se betalingsbesonderhede

BELANGRIKE DATUMS

- PROMOSIEPERIODE**
Nou – 31 Desember 2026
- SKOOLFONDS WORD BETAAL AAN PARK LAERSKOO MOSSELBAAI**
Januarie 2027

PARKIE GESINSKODE
Elke kwalifiserende transaksie het 'n unieke kode.

Koop vandag. bou môre!



**BESOEK VOLKSWAGEN
MOSSELBAAI VANDAG**
en vra na die
PARKIE SKOOLFONDS AANBIEDING.



**ONDERSTEUN 'N PARKIE.
BOU 'N HELDERDER
TOEKOMS.**

*Slegs by
Volkswagen Mosselbaai.*

*TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING.
Slegs van toepassing op kwalifiserende nuwe Volkswagen Polo Vivo, Polo, T-Cross, Taigo en Golf 8.5 voertuie wat by Volkswagen Mosselbaai gekoop word. Die genomineerde leerder moet tans by Park Laerskool Mosselbaai ingeskryf wees. Die leerder moet goedgekeur word voor voertuiglewering. Die aanbidding sal direk aan die skool betaal word in Januarie 2027. Aanbod nie oordraagbaar of kontantuitbetaalbaar nie. Volkswagen Mosselbaai behou die reg voor om alle leerder- en skoolinligting te verifieer, aanbod onderhevig aan besluit en goedkeuring.



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

MiSMART & MIOPIE:

TEGNOLOGIE WAT HELP



MiYOSMART



Effektief

D.I.M.S.
tegnologie



Maklik

Maak maklik skoon
Anti-weerkaatsing



Veilig

Impak bestand
UV beskerming



Skakel ons vir meer
inligting oor die
lenstegnologie wat
JOU kind kan help



044 695 1688



066 562 6754



19 Ryk Tulbach str, Da Nova

MiYOSMART

STAAN JOU PLEK VOL
IN GOD SE
Tapisserie

22 Augustus 2026

PLEK:

Shalom Mosselbaai 3 Kershout,
Heiderand, Mossel Bay

TYD: 10:00

KOSTE:

R 150 p.p.
(kaartjie verkope
by ontvangs)

KONTAK:

Roxanne Brummer
0784843545

DRAG: KLEURVOL

Ligte Ete Ingesluit!



EST • '97



HEIDERAND

Hardeware & Elektries

ONDER NUWE BESTUUR



HARDWARE

Vir elke projek



ELEKTRIES

Betroubaar
en veilig



BOU & VERF

Kwaliteit wat
lank hou



**SLOTTE &
BESLAG**

Sekuriteit waarop
jy kan staatmaak



GEREEDSKAP

Vir die
vakman



**SNY VAN
SLEUTELS**

Vinnig, akkuraat
en betroubaar



28 Melkhout straat, Heiderand.



087 804 4419



heiderand.hardware@gmail.com



**VRIENDELIKE DIENS.
BESTE PRYSE EN KWALITEIT.**



Volg ons op Facebook Heiderand Hardware & Elektries





GET THE
SWIFT
WITH
R10 000
DEAL ASSIST

 Fuel Efficient
4.4ℓ/100km

SUZUKI | **PLATINUM DEALER** | **SUZUKI** | **TAVCOR** | 044 695 3012 | www.tavcorsuzuki.co.za
Mossel Bay

*Warranty details apply only to new Suzuki Swift. T1 & T1.1 Apply 1.6 & 1.8. Suzuki Motor Group (Pty) Ltd. an Authorized Financial Services Provider (FSP no 18815)



GET THE
FRONX
WITH
R10 000
DEAL ASSIST

 Fuel Efficient
5.5ℓ/100km

SUZUKI | **PLATINUM DEALER** | **SUZUKI** | **TAVCOR** | 044 695 3012 | www.tavcorsuzuki.co.za
Mossel Bay

*Warranty details apply only to new Suzuki Swift. T1 & T1.1 Apply 1.6 & 1.8. Suzuki Motor Group (Pty) Ltd. an Authorized Financial Services Provider (FSP no 18815)



BALENO

7 YEAR
UNLIMITED KM
WARRANTY


WE'VE GOT YOU

PROMOTIONAL 7-YEAR UNLIMITED WARRANTY WHEN PURCHASING A NEW SUZUKI BALENO BEFORE 31 JULY 2020.

BOOK A TEST DRIVE

SUZUKI | **PLATINUM DEALER** | **SUZUKI** | **TAVCOR** | 044 695 3012 | www.tavcorsuzuki.co.za
Mossel Bay

*Warranty details apply only to new Suzuki Swift. T1 & T1.1 Apply 1.6 & 1.8. Suzuki Motor Group (Pty) Ltd. an Authorized Financial Services Provider (FSP no 18815)



GET THE
ERTIGA
WITH
FREE
SMASH & GRAB

 Fuel Efficient
6.2ℓ/100km

SUZUKI | **PLATINUM DEALER** | **SUZUKI** | **TAVCOR** | 044 695 3012 | www.tavcorsuzuki.co.za
Mossel Bay

*Warranty details apply only to new Suzuki Swift. T1 & T1.1 Apply 1.6 & 1.8. Suzuki Motor Group (Pty) Ltd. an Authorized Financial Services Provider (FSP no 18815)

GET THE

EECO
WITH

R15 000
DEAL ASSIST



Fuel Efficient
5.4ℓ/100km



2025/2026
**PLATINUM
DEALER**



SUZUKI
Mossel Bay

TAVCOR

☎ 044 695 3012 🌐 www.tavcorsuzuki.co.za

*Models shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no.10213.